Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# REKENINGKUNDE MEMORANDUM

**ALGEMENE REËLS:**

1. Ken volpunte toe vir die korrekte finale antwoord. Indien die antwoord verkeerd is, merk die bewerkings. Ken die bewerkingspunte toe indien ŉ bewerkingsbedrag/syfer as finale antwoord gegee word.

2. "Metode" punte word as volg aangedui: ☑
   - In die berekeninge en finale totale moet ten minste een deel korrek wees om ŉ punt te verdien.
   - In gevalle waar die antwoorde van die vorige vrae gebruik moet word, kontroleer of die bedrag reg oorgedra is.
   - Ignoreer hakies by die state, maar kontroleer die bewerking voordat punte toegeken word.

3. Waar gepenaliseer word, kan die punte vir daardie afdeling nie negatief wees nie. (vreemde items)

4. Vir vrae waar verduidelikings en kommentaar gevra word, kan deelpunte toegeken word. ŉ Goeie verduideliking sal gewoonlik die korrekte antwoord gee en dit verduidelik. Wees bedag op ander bewoording wat dieselfde antwoord kan wees. Hierdie merkriglyne gee sekere verduidelikings – dit is nie voldoende/volledig nie. Lees die kandidaat se antwoord en gee krediet vir die regte interpretasies.

5. Waar geskikte/aanvaarbare afkortings gebruik word, aanvaar dit.

6. Van nasieners word verwag om deur die hele vraestel te werk en redelike aanpassings te maak, terwyl u binne die raamwerk van die puntetoekenning bly

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

## VRAAG 1: KOSTE BEREKENINGE

1.1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Direkte arbeidskoste | ✓ |
| 1.1.2 | Fabrieksbokoste | ✓ |
| 1.1.3 | Administrasiekoste | ✓ |
| 1.1.4 | Direkte materiaalkoste | ✓ |
| 1.1.5 | Verkoops- en verspreidingskoste | ✓ |

**5**

1.21.2.1 **FABRIEKSBOKOSTE**

| | | |
|---|---|---|
| Verbruiksgoedere | (31 080 ✓ – 3 180 ✓ ) | 27 900 ✓ |
| Water en elektrisiteit | (37 220 + 3 280) x 75% | 30 375 ✓✓ |
| Versekering | (14 820 ✓ – 1 480 ✓ ) x ¾ | 10 005 ✓ |
| Fabrieksalaris | | 113 040 ✓ |
| Diverse uitgawes | | 21 840 ✓ |
| | Bewerking (een eel korrek) | 203 160 ☑ |
| -1 vreemde items (maksimum – 2) | | |

**11**

1.2.2 **PRODUKSIEKOSTESTAAT – 28 FEBRUARIE 2015**

| | |
|---|---|
| ✓ Direkte materiaalkoste | 748 000 ✓ |
| ✓ Direkte arbeidskoste (532 000 ✓✓ + 12 000 + 58 520 ✓ + 1 320 ☑ ) | Een deel korrek ☑ 603 840 |
| **Primêre koste** Bewerking | 1 351 840 ☑ |
| ✓ Fabrieksbokoste Verwys na 1.2.1 | 203 160 ☑ |
| **Totale vervaardigingskoste** Bewerking | 1 555 000 ✓ |
| Goedere in bewerking (1 Maart 2014) | 142 400 ✓ |
| | 1 697 400 |
| Goedere in bewerking (28 Februarie 2015) | (101 400) ✓ |
| **Koste van produksie van klaarprodukte** | Bewerking (aftrekking) ☑ 1 596 000 |

**16**

## 1.3 Naidoo se speelgoedwinkel

1.3.1 **Bewys dat die gelykbreekpunt vir 2015 korrek is deur 'n berekening te maak.**

R54 x 2 640 (2 punte)

$\frac{142\,560 \checkmark\checkmark}{R172 \checkmark - R120 \checkmark}$ = 2 741,5 of 2 742 eenhede

R52 (2 punte)

| | |
|---|---|
| | 4 |

1.3.2 **Verduidelik of Naidoo bekommerd moet wees oor die gelykbreekpunt vir 2015. Haal relevante syfers aan in jou verduideliking.**

Goeie verduideliking (met syfers) ✓✓✓ bevredigend ✓✓ swak ✓ verkeerd "0"

Sy moet bekommerd wees want sy het nie gelyk gebreek nie (maak dus 'n verlies).
Gelykbreekpunt was 2 742 ; sy het slegs 2 640 eenhede geproduseer.

| | |
|---|---|
| | 3 |

1.3.3 **Gee EEN rede vir die verandering in die direkte materiaalkoste per eenheid en die direkte arbeidskoste per eenheid.**

Enige geldige verduideliking. (2 punte elk) ✓✓ ✓✓
Ken deelpunte toe vir onvolledige korrekte antwoorde.
Syfers word nie verlang nie.

| | |
|---|---|
| **Direkte materiaal koste** | Die toename is meer as die inflasiekoers.<br>Vermorsing, swak vakmanskap kon plaasvind (foute).<br>Toename in vervoerkoste (vraggeld op aankope).<br>Kwalifiseer nie vir hoeveelheidsafslag a.g.v. afname in produksie. |
| **Direkte arbeids-koste** | Ontwrigting van die produksie a.g.v. stakings/beurtkrag.<br>Minder oortyd gewerk.<br>Meer doeltreffende masjinerie is gebruik in die produksieproses. |

| | |
|---|---|
| | 4 |

1.3.4 **Gee 'n gepaste rede vir die afname in die gelykbreekpunt van 2014 tot 2015.**

Geldige rede ✓✓

Toename in veranderlike koste (spesifiek grondstowwe).
Handhawing van die verkoopprys teen R172.

| | |
|---|---|
| | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1: TOTALE PUNTE** | **45** | |

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 2: BEGROTING

2.1 **Noem TWEE items wat in die gegewe Geprojekteerde Inkomstestaat verskyn, wat nie in ’n kontantbegroting sal verskyn nie.**

Enige TWEE ✓ ✓

Koste van verkope
Korting ontvang
Waardevermindering
Handelsvoorraadtekort

2

2.2

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | **Bruto wins** | 120 000 – 75 000 = 45 000 ✓✓<br>(Twee of nul punte) | 2 |
| B | **Koste van verkope** | 132 000 ✓ x $^{100}/_{160}$ ✓✓ = 82 500 ☑ (een deel korrek)<br>Of: 132 000 x 62,5% of 132 000 – (132 000 x 37,5%) | 4 |
| C | **Advertensies** | $^{2\,400}/_{120\,000}$ = 2%<br>132 000 ✓ x 2% ✓✓ = 2 640 ☑ (een deel korrek) | 4 |
| D | **Salarisse** | 17 100 x 108% ✓ = 18 468 ☑ (een deel korrek)<br>Of: 17 100 + 1 368 = 18 468 | 2 |
| E | **Netto wins na belasting** | 17 040<br>(17 625 – 585) x 30% = 5 112<br>17 040 ✓ – 5 112 ✓✓ = 11 982 ☑ (een deel korrek) | 4 |

2.3

**2.3.1 Die persentasie verhoging in lone wat die skoonmakers in Desember 2015 sal ontvang.**

✓✓ 176 / (3 376 – 3 200) / 3 200 ✓ x 100 = 5,5% ☑ (een deel korrek)

4

**2.3.2 Die maandelikse salaris verskuldig aan die verkoopsbestuurder vir Desember 2015.**

(17 100 – 300) / 2 = 8 400 (8 400 ✓ + 300 ✓ ) x 108% ✓ = 9 396 ☑ (een deel korrek)

4

**2.3.3 Die totale kredietverkope wat verwag word vir Desember 2015.**

(99 000 ✓ x 160% ✓ ) x 75% ✓ = 118 800 ☑ (een deel korrek) OF

132 000 x 120% = 158 000 x 75% = 118 800

3

**2.3.4 Die saldo van die lening op 1 November 2015.**

~~585 ✓ x 1200/9 ✓ = 78 000 ☑ (een deel korrek)~~

3

2.4 **Verwys na die werklike syfers vir Waardevermindering en Handelsvoorraadtekort vir Oktober 2015. Voorsien 'n rede vir die verskil van die begrote syfers, vir elkeen.**

| | |
|---|---|
| **Waardevermindering** | Enige redelike antwoord ✓<br>Aankoop van nuwe bate.<br>Berekeningsfout (weglating). |
| **Handelsvoorraadtekort** | Enige redelike antwoord ✓<br>Onvoorsiene voorraadverliese.<br>Willekeurige voorraadopnames toon voorraadtekorte.<br>Beskadigde goedere opgespoor en in berekening gebring. |

2

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

2.5 **Verwys na die werklike syfers vir Oktober 2015.**

**Lewer kommentaar oor enige twee uitgawes wat nie goed beheer word deur die besigheid nie. In elkeen van die gevalle, moet jy die relevante syfers aanhaal en EEN voorstel maak oor hoe hierdie uitgawe meer effektief bestuur kan word.**

| UITGAWE | KOMMENTAAR (met syfers) | VOORSTEL |
|---|---|---|
| Enige TWEE van: | Kommentaar en syfer ✓✓ elk | Voorstel ✓ elk |
| Onderhoud | Te veel begroot / onderspandeer.<br>(4 000 – 1 650) | Pas begroting aan of gebruik die geld oordeelkundig om die bates in stand te hou.<br>Dit kan die lewensduur en produktiwiteit van bates verleng. |
| Telefoon | Oorspandeer / te min begroot.<br>(2 000 – 4 280) meer as 50% | Beheer die gebruik of ondersoek moontlike misbruik.<br>Begroot behoorlik indien nodig. |
| Advertensies | Onderspandeer / te veel begroot.<br>(2 400 – 1 900) | Spandeer geld geallokeer. Kyk na verskillende vorme van advertensies.<br>Mag lei tot hoër verkope/wins. |

**6**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 2: TOTALE PUNTE** | **40** | |

## VRAAG 3: MAATSKAPPYE – FINANSIËLE STATE

3.1 **PAS-BEGRIPPE**

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | C ✓ |
| 3.1.2 | E ✓ |
| 3.1.3 | D ✓ |
| 3.1.4 | A ✓ |
| 3.1.5 | B ✓ |

**5**

### 3.2 FINANSIËLE STATE: NOTAS

**(a) VASTE BATES**

| | GEBOUE | VOERTUIE | TOERUSTING |
|---|---|---|---|
| Kosprys (1/3/2014) | 0 | 750 000 ✓✓ | **375 500** |
| Opgehoopte waardevermindering (1/3/2014) | (0) | **(450 000)** | **(141 500)** |
| **DRAWAARDE (1/3/2014)** | 0 | 300 000 ☑ | 234 000 ☑ |
| **BEWEGINGS:** | | | |
| Toevoegings | 2 500 000 ✓ | - | 24 800 ✓✓ |
| Verkope | - | (56 250) ✓✓✓ | - |
| Waardevermindering | - | **(103 125)** | (48 040) ✓✓ |
| **DRAWAARDE (28/2/2015)** | **2 500 000** | 140 625 ☑ | 210 760 ☑ |
| Kosprys (28/2/2015) | **2 500 000** | **562 500** | **400 300** |
| Opgehoopte waardevermindering (28/2/2015) | (0) | (421 875) ☑ | **(189 540)** |

**15**

**(b) GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | | |
|---|---|---|
| 560 000 ✓✓ | Uitgereikte aandele op 1 Maart 2014 | 2 924 000 ✓ |
| 120 000 ✓ | Addisionele aandele uitgereik gedurende die finansiële jaar | 816 000 ✓ |
| (50 000) ✓ | Aandele teruggekoop (50 000 x 5,50) | (275 000) ✓✓ |
| 630 000 ☑ | Uitgereikte aandele op 28 Februarie 2015 | 3 465 000 ☑ |

**10**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## (c) BEHOUE INKOMSTE

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo (1 Maart 2014)** | 89 000 ✓ | |
| Netto wins na inkomstebelasting (1 005 000 ✓✓ – 281 400 ✓) | 723 600 ☑ | |
| Aandele teruggekoop (50 000 x 1,50 ✓) | (75 000) ☑ | |
| Gewone aandele dividende | (469 600) ☑ | |
| • Interim dividende (betaal) | 252 000 | ✓ |
| • Finale dividende (aanbeveel) 680 000 x 0,32 sent (een deel korrek) | 217 600 | ✓☑ |
| | | |
| **Saldo (28 Februarie 2015)** Bewerking | 268 000 ☑ | |

**12**

## (d) HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE

| | |
|---|---|
| Krediteurekontrole | 203 900 ✓ |
| Opgelope uitgawes | 19 220 ✓ |
| Aandeelhouers vir dividende Verwys na bg. nota (finale dividende) | 217 600 ☑ |
| SAID: Inkomstebelasting | 25 500 ✓ |
| Korttermyn deel van lening 159 500 ✓ x $^{12}/_{11}$ ✓ | 174 000 ☑ |
| Bewerking (een deel van bostaande korrek) | 640 220 ☑ |
| | |

**8**

3.2.2 **Bereken die netto batewaarde per aandeel (NBW) na die terugkoop van aandele.**

Sien 3.2(b) Sien 3.2(c)

( 000 ☑ 000 ☑) 00

0 000 ☑

= 593 sent ✓☑ (een deel korrek) aanvaar R5,93

**5**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

3.2.3 **(a) Watter faktore/finansiële aanwysers sal jy as bestaande aandeelhouer in ag neem, om te bepaal of R7,20 per aandeel 'n aanvaarbare uitreikingsprys is? Verduidelik.**

NBW: 593 sent in 2015. ✓✓

Markprys van aandele sal ook 'n aanduiding gee van beleggersvertroue. ✓✓

**4**

**(b) V. Slink besit 52% van die uitgereikte aandele. Bereken die minimum aantal aandele wat sy moet koop om haar posisie as hoofaandeelhouer te behou.**

(kontroleer 3.2 (b))

52% van 630 000 = 327 600 aandele. ☑

50% van 700 000 = 350 000 aandele. ✓

Sy benodig (350 000 – 327 600) = 22 401 aandele ☑☑

**Of** 51% of 700 000 : 357 000 – 327 600 = 29 400 aandele

**4**

**(c) V. Slink stel voor dat sy, as hoof-aandeelhouer, eerste opsie behoort te kry om die addisionele aandele te kan koop, voordat dit aan die publiek geadverteer word. Watter advies het jy vir die direkteure hieroor?**

Goeie verduideliking ✓✓✓ bevredigend ✓✓ swak ✓ verkeerd "0"

Moet meld dat dit oneties is. Wet laat dit nie toe. "Insider trading".

Die direkteure moet die wet toepas om die integriteit van die besigheid te beskerm.

**3**

3.2.4 **Het die terugkoop van aandele enige voordele vir die maatskappy? Verduidelik. Gee TWEE punte.**

Enige TWEE aparte en geldige verduidelikings. ✓✓ ✓✓

Dit verbeter die netto batewaarde per aandeel wat die markprys van aandele positief kan beïnvloed.

Indien winste konstant bly, sal 'n hoër verdienste per aandeel (VPA) aangeteken word, wat beter dividende vir bestaande aandeelhouers beteken.

Afhangende van die prys wat aangebied word vir die terugkoop van aandele, kan bestaande aandeelhouers dalk benadeel word (Indien baie hoë prys aangebied word.)

Die toets vir solvabiliteit en likiditeit is noodsaaklik voordat aandele teruggekoop kan word. Dit sal ook bepaal moet word.

**4**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 3: TOTALE PUNTE** | **70** | |

## VRAAG 4: KONTANTVLOEI EN INTERPRETASIE

4.1

**4.1.1 Dividende betaal**

300 000 x 56 sent = 168 000 (totale dividende)

(42 000 ✓ + 168 000 ✓✓ – 66 000 ✓ ) = 144 000 ☑ (een deel korrek)

Aanvaar verskillende vorme van aanbieding van inligting, soos bv. T-rekeninge, tekens omgekeer, ens.

5

**4.1.2 Inkomstebelasting betaal:**

- 8 800 ✓ + 75 600 ✓ – 12 500 ✓ = 54 300 ☑ (een deel korrek)

Aanvaar verskillende vorme van aanbieding van inligting, soos bv. T-rekeninge, tekens omgekeer, ens.

4

**4.1.3 Vaste bates aangekoop:**

(1 505 400 ✓ – 1 201 500 ✓ + 64 000 ✓ + 23 500 ✓ )

= 391 400 (een deel korrek) ☑

Aanvaar verskillende vorme van aanbieding van inligting, soos bv T-rekeninge, tekens omgekeer, ens.

5

**4.1.4 Totale kontant spandeer op beleggingsaktiwiteite:**

Sien 4.1.3

(391 400) ☑ + 23 500 ✓ + (40 000) ✓ = (407 900) ☑ (een deel korrek)

4

**4.1.5 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente:**

(17 500 – 2 000) + 23 900 ✓ = 39 400 ☑ (een deel korrek)

(15 500) ✓✓

4

4.2

**4.2.1 Tydperk van voorraad voorhande**

148 100 ✓✓

– ( 0 00 000)

✓

0

= 37,2 dae ☑ (een deel korrek)

4

**4.2.2 Gemiddelde debteure-invorderingstermyn**

✓ 67 850 ✓✓

– ( 00 0 00)

( 000 0 )

793 600 ✓✓

= 31,2 dae ☑ (een deel korrek)

6

**4.2.3 Skuld/ekwiteitsverhouding**

740 000 ✓ : 1 006 800 ✓ 0,74 : 1 ☑ (een deel korrek)

3

4.3 **Lewer kommentaar oor die bestuur van voorraad (handelsvoorraad). Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan in jou antwoord.**

Enige TWEE geldige finansiële aanwysers (met syfers) ✓✓ ✓✓ Geldige kommentaar ✓✓

Voorraadomsetsnelheid: was 11 keer – verlaag na 9,8 keer.

Tydperk van voorraad voorhande was 33 dae – toegeneem tot 37,2 dae. (verwys na 4.2.1) Die bedryfsverhouding het ook verhoog van 1,27 : 1 tot 1,43 : 1.

Voorraad word vir 'n langer periode aangehou / voorraad word minder gereeld aangekoop/verkoop as voorheen.
Daar is 'n mate van voorraadopbouing of daar is dalk minder verkope.
Dit is dalk moontlik dat die besigheid gebruik gemaak het van grootmaataankope vir ekstra afslag of dat die voorraad 'n redelike lang rakleeftyd het.

6

4.4 **Word die debiteure en krediteure effektief bestuur? Verduidelik. Haal relevante syfers aan in jou antwoord.**

Aanhaal van syfers: ✓✓ ✓✓ verduideliking van elke aanwyser ✓ ✓

Debiteure invorderingsperiode: was 38 dae, nou 31,2 dae.
Krediteure betalingsperiode: was 62 dae, nou 65 dae.

'n Goeie verbetering in die invorderingsperiode van die besigheid (naby die verlangde 30 dae).

Afhangende van die kredietterme, is dit wys om die maksimum toelaatbare tyd te neem om krediteure te betaal (gebruik die voordeel van 'kort termyn finansiering"). Solank die besigheid net nie rente moet betaal nie.

Dit is ook belangrik om rekeninge betyds te betaal sodat kredietwaardigheid gehandhaaf kan word.

6

4.5 4.5.1 **Lewer kommentaar oor die verdienste per aandeel (VPA), die dividend per aandeel (DPA) en die opbrengs op aandeelhouersekwiteit.**

Aanhaal van syfers vir beide maatskappye ✓ ✓ ✓ geldige kommentaar ✓ ✓ ✓

Kommentaar mag 'n breë algemene kommentaar wees wat die verband toon tussen die verskillende finansiële aanwysers.

Pixie Bpk.: Verdienste per aandeel (VPA) het gedaal van 72 sent tot 63 sent. Opbrengs op aandeelhouersekwiteit het gedaal van 24% tot 19,7%, maar die dividend per aandeel (DPA) het gestyg van 52 sent tot 56 sent.

Die besigheid het nie so goed gevaar in die huidige finansiële jaar nie. (7% daling in verdienste per aandeel (VPA)). Alhoewel die opbrengs op aandeelhouersekwiteit gedaal het, is dit steeds bo die rentekoers van alternatiewe beleggings. Die neiging is egter rede tot kommer. Aandeelhouers is tevrede gehou deurdat hulle 'n hoër DPA ontvang het. Dit beteken egter dat die besigheid nie so baie wins het soos die vorige jaar nie teruggehou.

In vergelyking met Vivi Traders: VPA is 92 sent (Pixie 63 sent) en DPA is 46 sent (Pixie 56 sent). Vivi het beter presteer, maar hou 'n groter % van hul winste terug. Hulle opbrengs op aandeelhouersekwiteit is slegs 9,6% (Pixie 19,7%). Pixie se aandeelhouers ontvang 'n beter opbrengs op hul beleggings.

6

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

4.5.2 **Lewer kommentaar oor die finansiële hefboom van beide maatskappye. Verduidelik watter maatskappy maak meer gebruik van lenings en sê ook of dit 'n goeie idee is of nie, vir daardie maatskappy.**

Aanhaal van relevante finansiële aanwysers (met syfers) ✓ ✓ Geldige kommentaar ✓✓

Skuld/Ekwiteitsverhouding – Pixie Bpk. (0,7 : 1), Vivi Traders (0,52 : 1) Pixie Bpk. maak meer gebruik van lenings as Vivi Traders.

Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend – Pixie Bpk. 21,2% , Vivi Traders 10,8%.

Pixie Bpk. maak goed gebruik van die lening deur 'n opbrengs te behaal wat groter is as die huidige rentekoers (positiewe hefboomeffek). Dus is dit 'n goeie idee om steeds gebruik te maak van die lening.

Vivi Traders behaal 'n opbrengs op kapitaal aangewend van slegs 0, . Hulle maak duidelik nie effektief gebruik van lenings nie. Dit sal in hulle belang wees om daardie lening terug te betaal.

LW: Verwys na antwoord in VRAAG 4.2.3. Leerders se antwoorde mag gebaseer wees op hul verkeerde berekeninge.

**4**

4.5.3 **Deur te kyk na die markwaarde van die aandele asook die netto batewaarde per aandeel, watter advies het jy vir John Cann in verband met 'n belegging in een van hierdie maatskappye?**

Aanhaal van relevante syfers ✓ ✓ Geldige kommentaar met advies ✓

Alhoewel Vivi Traders 'n beter netto batewaarde per aandeel (NBW) het as Pixie Bpk. (342 sent teenoor 336 sent), is hulle aandeleprys baie laer as Pixie Bpk. s'n. Dit is ook laer as hul netto batewaarde per aandeel (NBW). Dis is 'n aanduiding dat die maatskappy se aandele nie gewild is onder beleggers nie. Hulle aandeelhouers het ook 'n kleiner dividend per aandeel ontvang, wat 'n bydrae lewer tot gebrek aan beleggersvertroue.

Ek sal John Cann aanbeveel om te belê in Pixie Bpk. aangesien die bg. syfers, asook die ander finansiële aanwysers toon dat hierdie maatskappy goeie vordering maak.

**3**

| VRAAG 4: TOTALE PUNTE | 60 | |
|---|---|---|

## VRAAG 5: BTW EN REKONSILIASIES

### BTW

5.1

| | |
|---|---|
| 5.1.1 | Belasting op toegevoegde waarde ✓ |
| 5.1.2 | **(a)** Onwaar ✓ |
| | **(b)** Onwaar ✓ |
| 5.1.3 | Inset BTW ✓ |

**4**

5.2 5.2.1 **Bereken die totale kredietverkope vir die tydperk (BTW uitgesluit).**

12 320 x $^{100}/_{14}$ = 88 000 ✓☑ (een deel korrek)

**2**

5.2.2 **Neem die foute en weglatings in ag en bereken die bedrag wat betaalbaar is aan, of ontvangbaar is van, SAID vir BTW.**

17 430 ✓✓ + 12 320 ✓ – 1 260 ✓ – 672 ✓ – 63 ✓ (27 755) 13 356 ✓ – 91 ✓ + 119 ✓ (13 384)

= 14 371 + 9 889 ✓ = 24 260 verskuldig aan SAID ☑

Aanvaar verskillende vorme van aanbieding van inligting, soos bv. T-rekeninge, tekens omgekeer, ens.

**11**

5.2.3 **Die interne ouditeur het deur ’n ewekansige toets, ontdek dat die eienaar, Joe, nie die volle bedrag verskuldig aan SAID op die sperdatums betaal nie. By navrae het Joe gesê dat hy die geld spandeer het op die besigheid. Watter advies het jy vir Joe in verband met hierdie gebruik?**

Goeie verduideliking ✓✓✓ bevredigend ✓✓ swak ✓ verkeerd “0”

- Die besigheid is ’n agent van SAID (BTW word namens SAID ingevorder).
- Daarom behoort dit nie aan die besigheid nie en moet dit nie beskou word as kontantreserwes van die besigheid nie.
- Onetiese sakepraktyk.
- Bedrae verskuldig aan SAID moet apart gehou word en dadelik afgehandel word.
- Besigheid kan boetes opgelê word indien dit deur SAID word tydens ’n oudit ontdek.

**3**

## 5.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

| NO. | KREDITEURE GROOTBOEK REKENING | STAAT |
|---|---|---|
| SALDO | **5 350** | **12 540** |
| i | 540 ✓✓ | |
| ii (4 200 x 2) | 8 400 ✓✓ | |
| iii | | 4 000 ✓ |
| iv | (250) ✓ | |
| v | | (2 500) ✓ |
| TOTAAL | 14 040 ☑ | 14 040 ☑ |

**9**

## 5.4 DEBTEUREREKONSILIASIE

### 5.4.1 Noem TWEE stappe wat die boekhouer moet volg wanneer hy/sy ’n verskil tussen die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys ontdek.

Enige TWEE geldige stappe ✓ ✓

Rekonsilieer debiteurelys met debiteurekontrolerekening.

Identifiseer of die fout die debiteurekontrolerekening, die debiteurelys, of albei affekteer.

Identifiseer of EEN, TWEE of MEER rekeninge geaffekteer sal word.

Maak AJ inskrywings om oorboekingsfoute te korrigeer (verkeerde debiteure / bedrae wat te min of te veel was / verkeerde algemene grootboekrekeninge).

Vir enkel-inskrywingsfoute (bedrae) moet die nodige verbeteringe aangebring word en die saldo’s aangepas word.

**2**

### 5.4.2 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys deur die gegewe tabel te voltooi.

**DEBTEUREKONTROLEREKENING: Vul bedrae slegs aan die toepaslike kant in.**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| **i** | | 120 ✓ |
| **ii** | 90 ✓✓ | |
| **iii** | 75 ✓ | |
| **iv** | 530 ✓ | |
| **v** | | |

Indien bedrag in albei kolomme verskyn -1 punt vir die verkeerde antwoord, slegs indien daar ’n punt verdien is op daardie reël.

**5**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

**DEBTEURELYS: Toon die aangepaste bedrag teenoor elke debiteur. Finale saldo is nie nodig nie.**

| | |
|---|---|
| **M. Mouse** | **4 510** + 90 ✓ – 1 320 ✓ – 50 ✓ |
| **D. Duck** | **3 270** + 75 ✓ |
| **K. Chicken** | **940** + 530 ✓ |
| **F. Fox** | **2 260** + 1 320 ✓ |

Bedrae moet die korrekte tekens hê (+/-) om punte te verdien.

6

5.4.3 **(a) Verduidelik waarom jy bekommerd is oor die bestuur van debiteure in die besigheid. Haal relevante syfers aan in jou antwoord.**

Enige TWEE geldige kommentare met syfers. ✓✓ ✓✓

11 590 / 23 180 = 50% van debiteure is meer as 60 dae uitstaande.

Slegs 20% van debiteure se skuld is lopend (binne die 30 dae kredietterme).
10% van debiteure sal waarskynlik as oninbaar afgeskryf word.

Debiteure maak nie gebruik van die 5% korting vir vroeë betalings nie. Invorderingsbeleid moet strenger toegepas word.

4

**(b) Verduidelik TWEE interne kontrolemaatreëls wat die besigheid kan gebruik om die invordering van gelde van debiteure te verbeter.**

Enige TWEE geldige verduidelikings. ✓✓ ✓✓

- Verdeling van pligte – verduidelik
- Gedeelde verantwoordelikhede in die voorbereiding van dokumente (state, kwitansies, fakture) en die deponering van kontant.
- Indien die besigheid baie groot is, kan 'n bepaalde aantal debiteure per werknemer toegedeel word. Dit kan lei tot meer persoonlike diens en beter monitering van rekeninge.
- 'n Aparte keuringsdepartement (opvolg en goedkeuring van krediet).
- Gerekenariseerde boodskappe aan debiteure wat nie op datum is met hul betalings nie.

Vir een punt elk:

- Stuur SMS'e en aanmanings.
- Hef rente op betalings wat laat is (agterstallige rekeninge).
- Staan korting toe op vroeë betalings.

4

| VRAAG 5: TOTALE PUNTE | 50 | |
|---|---|---|

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 6: VOORRAADWAARDASIE EN PROBLEEMOPLOSSING

**6.1 Bereken die waarde van die sluitingsvoorraad deur gebruik te maak van die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode van voorraadwaardasie.**

12 ✓ : 94 880 ✓ – 22 600 ✓✓ = 72 280 ☑ (4 x 5 650)

5 ☑ x (5 520 + 260)

(17 – 12) 5 780 ✓✓ = 28 900 ☑ 101 180 ☑

Een deel korrek vir alle metodepunte.

**10**

**6.2 Bereken die koste van verkope van die skootrekenaars wat verkoop is.**

51 000 ✓ + 329 360 ✓ – (3 x 4 740) 14 220 ✓ – (4 x 5 650) 22 600 ☑ – 101 180 ☑ (6.1) = 242 360 ☑ (een deel korrek)

of

51 000 + 53 760 + (99 800 – 14 220) 85 580 + (9 x 5 780) 52 020 = 242 360

**6**

6.3 6.3.1 **Hoe sal ’n verandering in beleid, die finansiële verslagdoening van die besigheid beïnvloed? Gee EEN verduideliking.**

Enige redelike antwoord ✓✓

- Mag lei tot verskillende syfers vir sluitingsvoorraad in die balansstaat.
- Sal lei tot verskillende syfers vir bruto wins in die inkomstestaat.
- Mag ’n invloed hê op die bedrag betaalbaar vir inkomstebelasting / mag ook die verdienste per aandeel (VPA) beïnvloed.

**2**

**6.4 Watter advies het jy vir Max in verband met sy bemarkingstrategie en sy prysbeleid, as jy die tegnologie-mark in aanmerking neem? Noem TWEE feite.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Moet bewus wees van vinnige veranderinge in tegnologie (goedere mag verouderd raak).
- Mag voortdurende opgradering van sagteware benodig.
- Moet verskillende reekse (prysvlakke) aanhou om voorsiening te maak vir verskillende individuele behoeftes.
- Verbreed jou teikenmark.
- Hou sagteware en ander rekenaar bybehore (komplementêre goedere) in voorraad aan.
- Verskaf na-verkoopdienste soos herstelwerk / instandhouding.

**4**

## 6.5 PROBLEEMOPLOSSING

6.5.1 **Identifiseer ’n verskillende probleem (met relevante syfers) in elkeen van die takke.**

| TAK | PROBLEEM ✓ ✓ ✓ (MET SYFERS ✓ ✓ ✓) |
|---|---|
| **MENLYN** | 24 stelle vir kontant = R100 800. Slegs R79 800 gedeponeer (tekort van R21 000)<br>Hoë kredietverkope (54 600 is 31% van totale verkope) |
| **MOORTON** | Te veel stelle teruggebring (12 stelle)<br>Het slegs 73% van die gewone tyd gewerk en het verkies om munt te slaan uit oortyd (52 ure).<br>Daar is minder as 50% van die stelle verkoop (na terugsendings) |
| **VINCENT** | Baie lae verkoopsvolumes (21/50) stelle.<br>Min gewone ure gewerk. (102/160 ure) en het ook nie baie oortydure gewerk nie (dalk a.g.v. ouderdom). |

6

6.5.2 **Identifiseer EEN tak wat Siddie moet oorweeg om te sluit. Voorsien ’n geldige rede vir jou keuse.**

Tak ✓ Geldige rede ✓✓ (Ken punt vir Taknaam toe slegs indien die rede relevant is.)

Moorton : Hoë huur / verkope is baie gemiddeld (omset)/ jong, swak gedissiplineerde verkoopspersoon met te hoë terugsendings.

Vincent : John is naby aan aftrede / werk min ure / geen poging om verkope te verhoog nie.

3

6.5.3 **Gee vir Siddie EEN voorstel hoe om die probleem wat in 6.5.1, vir die ander takke geïdentifiseer is, op te los.**

Enige geldige interne beheer kontrolemaatreël vir elke tak. ✓✓ ✓✓

| TAK | INTERNE BEHEERMAATREËL |
|---|---|
| Menlyn | Sally is energiek, maar behoort gereeld geoudit te word (gaan verkope en deposito’s na)<br>Skuif haar dalk na ’n ander tak of verdeel die pligte. |
| Moorton<br>of<br>Vincent | Tydkaarte vir gewone tyd / stel doelwitte / minimaliseer oortyd-ure / bereken kommissie op netto verkope.<br><br>Gee vir John ’n assistent / stel verkoopsdoelwitte / stel ’n aantal ure vas wat oortyd gewerk moet word. |

4

| VRAAG 6: TOTALE PUNTE | 35 | |
|---|---|---|

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou